Vrydag **14 Junie**

**Skrifgedeelte: Johannes 6:60-71 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Johannes 6:63-64, 67-68**

**Dit is die Gees wat jou oortuig wie Jesus is!**

Mense sukkel om in Jesus te (bly) glo vir Wie Hy is en wat Hy kom doen het – soos selfs getroue volgelinge hier, en selfs sy dissipels! Waarskynlik omdat ons almal op ’n manier op soek is na ’n Jesus wat bloot ons aardse lewens beter moet maak en ons planne moet waar maak.

Jesus het vir hulle gepreek – direk na die broodvermeerdering. Tot drie maal toe het Hy gesê: *Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. Wie my liggaam eet en my bloed drink ...* (vs 35-53).

*Jesus se liggaam eet en sy bloed drink* ... (vs 52)!? Die eerste oppervlakkige gedagte hieraan moes die mense sekerlik laat gril het ... en die Skrifgeleerdes se hare laat regop staan het. Die Joodse wette het hulle immers verbied om bloed te drink (Lev. 17:10-11).

Natuurlik het Jesus dit nie letterlik bedoel nie. Dit was simboliese taal om te verduidelik dat ons vir Jesus in ons diepste, innerlike menswees moet inneem en in ’n intieme verhouding met Hom moet wees. Presies soos wat aardse kos deel van jou hele liggaam, van jou kroontjie tot jou toontjie, word wanneer jy dit eet!

En ... algaande het dit tot hulle deurgedring wat dit beteken om Jesus se *liggaam te eet en sy bloed te drink*. Hulle het begin besef dat Jesus van hulle vra:

- Om in Hom te *glo* as dié Een wat God uit die hemel gestuur het om mense te kom verlos en weer sal moet opvaar. Dus, Hy is die enigste ware Messias!
- Maar ook om nou vanuit ’n geloofsverhouding met Hom te gaan leef, jou hele lewe aan Hom toe te wy, jou deur Hom te laat lei – in alles wat jy dink en sê en doen!

Hoe kom ons tot die oortuiging wie Jesus werklik is en kry sodoende deel aan die ware lewe wat Hy bied? Nét deur die Gees wat iemand lewend maak – die Gees wat die woorde wat Jesus gesê het, gee en geloof in Hom wek!

Wil jy ook omdraai omdat sy Woord te erg is ... of gaan jy by Hom bly omdat Hy die Woord het wat die ewige lewe gee? Ja, dieselfde Woord wat ek en jy vandag kan lees!

*Sing: Lied 177*

*Dr. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*